'Pratende' boek gaan siekes help

Bl. 10

SAKE-RAPPORT, 15 MEI 2005

Me. Zane Wilson, uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep met die "pratende" boek.

'Pratende' boek gaan siekes help

JOHANN VAN TONDER

'n Kleinsake-onderneming in Suid-Afrika bestaande uit vyf vroue het vir 'n wêreldeerste gesorg deur "pratende" boeke te ontwikkel met die doel om mense met spesifieke siektetoestande te bemagtig in die hantering en behandeling daarvan.

Hoewel die eerste boeke spesifiek gerig is op ongeletterde mense in die gesondheidsektor, is die moontlikhede van die konsep legio, sê me. Elzette Hay, direkteur van Books of Hope.

Sy sê behoefbepas- "pratende" boeke in verskeie tale kan byvoorbeeld ontwikkel word vir mediese skemas wat hulle in staat kan stel om hul koste af te bestuur.

Net so kan "pratende" boeke ontwikkel word vir enige opvoedingsrigting waarvoor daar 'n behoefte is.

Books of Hope is 'n inisiatief van die Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep (Sadag), wat reeds verskeie toekennings, soos die World Bank Marketplace-toekenning in 2003, verower het.

Hay sê die Books of Hope-inisiatief is 'n groot deurbraak om ingewikkelde gesondheidsonderwerpe in 'n gebruikersvriendelike en maklike verstaanbare formaat aan te bied.

Elk van die sestien bladsye van elke "pratende" boek is met kultureel gepaste illustrasies gevul. En dan is die boek met 'n klankbaan toegerus wat die persoon in staat stel om ook te hoor wat op die bladsy geskryf is.

Op elke bladsy verskyn spesifieke prentjies en deur die ooreenstemmende prentjie op die klankbaan te druk, hoor die persoon die teks wat ook deur die illustrasies verduidelik word. 'n Persoon hoef dus nie geletterd te wees om baat te vind uit die boeke nie.

Hay sê "pratende" boeke kan ook geletterde persone help. Navorsing toon 10% van die inligting wat gelees word, 20% van wat gehoor word en 30% van wat gesien word, word deur die leser onthou. Die "pratende" boeke stimuleer drie sintuie en die inligting word makliker onthou. En dié wat nie wil lees nie, kan bloot luister na wat in die boek geskryf is.

Die eerste "pratende" boek spruit uit 'n versoek van Transnet Foundation en is gerig op kinders en tieners wat aan depressie ly. Die tweede boek, wat deur die Limpopo-regering versprei word, fokus op mense wat ly aan MIV/vigs.

Nog 'n voordeel van die boeke is dat dit van goeie gehalte is. Gebruikers kan dit aan ander gee nadat hulle daarmee klaar is. Hay sê daar word verwag dat elke boek minstens tien mense kan bereik.